# KOERSVAS

Jaargang 8 Uitgawe 176 13 Maart 2020




In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Persverklaring in Rapport

*Die GHG (Geloofsbond van Hervormde gemeentes) is 'n verbintenis van Hervormde gemeentes wat mekaar teologies en andersins ondersteun.*

*Die GHG het sy ontstaan as gevolg van 'n drastiese verskuiwing in die teologiese onderbou van die Nederduitsch Hervormde kerk van Afrika (NHKA). Kernsake van ons geloof is volgens ons oortuiging in die NHKA uitgedaag deur sogenaamde vooraanstaande teoloë in die NHKA. Hierdie verskuiwing in die teologie is in 1995 aangespreek met die geskrif Eietydse Getuienis. Die Kerkleiding het hierdie protes ignoreer. Die ongemaklikheid met die nuwe teologie het stelselmatig bly opbou namate dit grond begin wen het. Ons het binne die kerk as Beswaardes eers individueel en later as steedsHervormers groep alles in die stryd gewerp, selfs doleer, om die kerk weg te beweeg van wat volgens ons, met die Bybel as maatstaf, 'n afwykende teologie is. Reeds vroeg in die proses het gemeentes hulle eiendomme beveilig teen die gevolge van gevaarlike en self-vernietigende teologiese tendense wat in die kerk en by die AKV gemanifesteer het. Dit is gedoen nadat die nodige regsadvies ingewin is. Die aanbevole proses is deur gemeentes volgens die Kerkorde met meerderheid van stem goedgekeur en aanvaar.*

*GHG lidmate is deur die Kommissie van die AKV weggejaag met: "Kom ons gee mekaar die regterhand en skei van mekaar in vrede." Diegene wat steeds gebly het en binne die NHKA die saak wou beredder, waaronder talle predikante, is geviktimiseer, gedreig en sommiges is uit die amp onthef. Soos blyk uit media berigte word GHG ampsdraers steeds belaster.*

*Die laaste teologiese strooi, wat bewys het dat die nuwe teologie dominant is, was die nuwe (2010) besluit oor apartheid. Die 66ste AKV het in 2004 'n teologie-gefundeerde, ewewigtige besluit geneem oor apartheid. Dit is ons oortuiging dat die 2010 besluit die ekumeniese teologie dien, nie die Woord van God nie, en ons kon nie daarmee saam nie.*

Hierdie verklaring het gekom teen die agtergrond van die berig wat in Rapport verskyn het waarin verskeie feite-foute duidelik was. Daarmee saam is daar laster in die artikel gepubliseer. Die laster sal op die korrekte manier hanteer word. Lidmate moet daarop bedag wees dat daar dalk nou weer stemming teen die GHG gemaak gaan word in die aanloop tot die hofsaak wat in Oktober 2020 tussen die NHKA en sekere

GHG gemeentes voor die regter kom. Net vir duidelikheid word lesers verwys na die verklaring wat in Koersvas 175 verskyn het.

**PERSVERKLARING VAN DIE GELOOFSBOND VAN HERVORMDE GEMEENTES**


1. Op 11 Junie 2018 het Regter Fourie gelas dat sekere geskilpunte in die saak tussen die NHKA en die Geloofsbond van Hervormde gemeentes (GHG) afsonderlik bereg moet word.
2. Daarna het die partye 'n vergadering gehad by die Adjunk Regter-President waartydens gelas is dat die uitruil van dokumente gefinaliseer moet word voordat die saak kan voortgaan.
3. Desnieteenstaande bogenoemde opdrag het die NHKA 'n datum bekom op die gewone verhoorrol vir 17 Februarie 2020 wat eenvoudig nie ooreengekom was òf ingevolge die Adjunk Regter-President se aanduidings was nie.
4. Die NHKA het hierdie datum voorgehou aan almal, insluitende hulle Algemene Kerkvergadering, as die datum waarop die saak sou voortgaan, welwetende dat die saak nie kon voortgaan op daardie datum nie.
5. Die saak is toe ook deur die NHKA van die rol verwyder vir daardie datum en 'n datum sal nou eers in die toekoms bepaal kan word wanneer al die relevante dokumentasie deur die NHKA beskikbaar gestel is vir doeleindes van die saak.
6. Op hierdie stadium sukkel die GHG geweldig om relevante dokumentasie uit die NHKA te kry om voor te lê vir doeleindes van die saak. Die NHKA verskaf nie die relevante dokumente nie en maak ook nie die argief beskikbaar vir die Geloofsbond om dan self relevante dokumente te soek nie.
7. Die GHG sou gevolglik 'n Hofaansoek geloods het teen die NHKA om die relevante dokumentasie wat die NHKA weier om te verskaf, te verskaf. Dit is nie meer nodig nie; aangesien die partye tydens 'n vergadering by die Adjunk Regter-President op 13 Februarie ooreengekom het dat die GHG toegang tot die NHKA se argiewe sal hê.
8. Eers nadat alle relevante dokumentasie deur die partye uitgeruil is, sal 'n datum toegeken kan word vir die aanhoor van die afsonderlike geskilpunte.
9. Die afsonderlike geskilpunte behels die vraag of 'n gemeente met meerderheid stem sy eiendom kan oordra aan 'n ander party of entiteit, of 'n gemeente homself kan afskei van die kerk en bly voortbestaan as 'n afsonderlike regspersoon en wat die posisie van lidmate in sulke gemeentes en in die kerk mag wees.
10. In alle gevalle het lidmate van gemeentes met oorweldigende meerderhede gestem om eiendomme van gemeentes te vervreem en een van die geskilpunte draai rondom die proses wat gevolg is in daardie verband.
11. Die NHKA het ook beweer dat seker lidmate se lidmaatskap eenvoudig net opgeskort of opgesê is, sonder dat daar ooit enige prosesse in terme van die kerkorde gevoer is daaromtrent en dit is ook 'n aspek wat bereg sal moet word.
12. 'n Verdere vraag is of gemeentes hulle band met die kerk en ander gemeentes kon beëindig en op hulle eie kon voortbestaan.
13. 'n Datum vir die saak, is op 13 Februarie 2020 bepaal. Die saak kom voor vanaf **26 Oktober 2020. Die saak is vir 3 weke geskeduleer.**

## KOSTERGEMEENTE 75 JAAR OUD

Dit was met 'n skok dat die Hervormde Kerk Koster besef het dat die gemeente vanjaar 75 jaar oud word. By navraag oor die stigtingsdatum het die argivaris laat weet dat die gemeente op 24 Februarie 1945 gestig is. Die herdenkingsdatum was dus op ons! Dadelik is besluit om 'n verjaardagkoek te bak en dan in die loop van die jaar te begin met die geskiedskrywing van die gemeente. Die 50ste bestaansjaar is wel herdenk, maar geen publikasie is uitgegee nie.

Om darem op Sondag die 23ste Februarie iets te kon sê oor die stigting van die gemeente, is die gedenkalbum van Zwart-ruggens, die gemeente waaruit Koster afgestig is, geraadpleeg by https://archive.org/details/gedenkbundels

By hierdie webadres kan 'n 100 gedigi-taliseerde gedenkalbums gelees word. (So terloops Die Hervormer van 1909 tot 2015 is ook aanlyn beskikbaar by https://archive.org/details/diehervormer)




Allerlei interessanthede uit die verlede is opgediep. Gedurende 1935 is medisyne

aangekoop vir die kerk se kalf. In dieselfde jaar is die eerste telefoon in die pastorie geinstalleer.
In 1937 is die versoek gerig dat Koster afstig en dan in kombinasie met Zwartruggens tree. As rede is aangevoer dat Hervormers in en om Koster by ander kerke aansluit. Op 7 Augustus 1937, staan dit in die gedenkalbum, is na lang en soms vurige bespreking op aanbeveling van ds Storm met 21 stemme teen 2 besluit dat ‘n gemeente op Koster gestig mag word op voorwaarde dat dit vir vyf jaar in kombinaise met Zwartruggens sal staan. Br Greeff en 33 afgevaardigedes het met die goeie nuus na Koster teruggekeer.



Die gemeente is uiteindelik op 24 Februarie 1945 gestig en was vir twee jaar lank in kombinasie met Zwartruggens. So saam met die verbreking van die kombinasie is die pastorie en kerk op Zwartruggens in 1947 van elektrisiteit voorsien.
Sondag 23 Februarie 2020
Die twee(!) verjaardagkoeke was van die hoogste gehalte. Nee kyk Annina Waldeck mag maar sjokoladekoek bak!
Oom Hennie van den Berg is op 7 Mei 1943 met behulp van ‘n vroedvrou in die wêreld gebring; in dieselfde huis op die plaas Naaupoort waar hy en tannie Marie deesdae woon. Hy was met gemeentestigting skaars twee jaar oud. Hy is gevra om die koek te sny. Ongelukkig was tannie Marie ongesteld en moes oom Hennie daardie Sondag alleen kerk toe kom.

**SUIKERBOSRAND FONDSINSAMELING**

Uitnodiging aan alle lidmate van ander gemeentes:
Ons gemeente is een van die jongste en kleinste gemeentes in die kerk.
Op Saterdag 9 Mei 2020, hou ons ons vyfde basaar en ons wil graag al die lidmate betrek by ‘n gedeelte van ons fondsinsameling.
Hierdie fondsinsameling gaan oor ‘n skildery van Paul Botes:
Paul Botes is ‘n Kapenaar gebore in 1940, in Kaapstad. In 1968 verhuis hy na Benoni in die Oos Rand en vestig hom daar, hy is wel-bekend vir sy skilderye oor Suid - Afrikaanse landskappe, o.a., Die Donkie Kar, Rustige Stroompie, Skadu Spel, Stil Lewe en Visserman Huis. Hy is ook tans die voorsitter van die Benoni Kuns Vereniging.
Die besondere skildery soos op die foto is beskikbaar aan die hoogste aanbod wat gemaak word, die aanbiedinge kan per epos aan die skriba van die gemeente gestuur word tot en met 6 Mei wanneer die bod gesluit word. Die bekendmaking sal tydens die basaar op 9 Mei gedoen word.



Die skildery se waarde soos bepaal deur die Benoni Kuns Vereniging is R 8560 om u ‘n idee te gee van die waarde.

U is ook welkom om die basaar saam met ons te kom geniet, ons belowe dat dit ‘n gulde geleentheid sal wees om met ons gemeentelede kennis te maak en ook te kan sien hoe die Hemelse Vader hierdie klein gemeente van Christus versorg en in Sy hand vashou.
Groete in Christus
Die uwe
Oudl. N van Huyssteen - Skriba

**PREDIKANTEBERAAD 2020**

Kerkrade en gemeentes word aan die volgende herinner: Die jaarlikse Predikante-beraad vind hierdie jaar DV plaas te De Wagensdrift op 1-2 April 2020. U word daarop gewys dat die Bondsvergadering dit as dwingend noodsaaklik beskou dat predikante die beraad bywoon. Die bestuur het konsensus dat die beraad gebruik sal word om 'n herderlike skrywe te formuleer om gemeentes begeleiding te gee ten aansien van die aanslae teen ons kerk en volk. Gemeentes word uitgenooi om sake van kommer aan die beraad oor te dra vir beraadslaging.

**MAKWASBYEENKOMS**

Emeriti en ander predikante: Dagboek solank 12 September 2020 vir die jaarlikse Makwasbyeenkoms. Die Dorkas gaan op hierdie Saterdag emeriti, hulle gades en ander predikantspare feestelik onthaal. Dit val saam met die Bondsvergadering.

**KWILT 2020**

Geloofsbonddames Kwilt 2020 Tema: “Nostalgie” Dis tyd om aan die werk te spring om die volgende kwilt te maak. Indien daar van julle is wat nog insette wil lewer, of blokke wil maak, sal dit baie waardeer word. Laat weet my asseblief indien jy ‘n bydrae (raad of blokke) gaan maak omdat my hande jeuk om te begin. Volgens ons beplanning vra ons:
1. Roomkleurige blokke v 100% katoen - 12 x 12 duim (30cm by 30cm).
2. ‘n Masjiengeborduurde ontwerp van ongeveer 6 x 10 duim met as tema *nostalgie.*
3. Die volgende kleure (saam met ander kleure wat in die ontwerp voorkom) moet asseblief geel, oranje, rooi en groen wees.
4. Borduur asseblief julle kerk (gemeente) se naam in die regterkantste onderste hoek.
5. Blokke moet asseblief op die laatste voor einde Mei 2020 na my, **Alida van Wyk** gestuur word. As ek dit vroeër kan kry sal dit nog beter wees.
My kontakbesonderhede: **083 680 5121**
Lekker werk!

**KOSTER**

Die Eisbeinfees vind eenkeer per jaar plaas by die Kosterdam. Die groot gebeurtenis en feestelikheid is eintlik op die Saterdag, maar omdat dit so mooi omgewing by die Kosterdam is en daar soveel mooi en gerieflike kampeerplekke is, wou mense sommer die hele naweek daar kampeer. So dit het ontstaan dat ons meer aktiwiteite moes aanbied. Hou gerus die feesprogram dop. Hierdie jaar vind die Eisbeenfees oor die naweek van 3 -4 April 2020 plaas by die Kosterdam. Die gaan dus een groot kuier wees van Vrydag tot Saterdag.







**VERSOEKE UIT DIE WILGE**

**(POTCHEFSTROOM)**

Ons hier by Die Wilge-gemeente het dringend 'n bussie in 'n padwaardige toestand nodig om die Geloofsbond studente te kan bedien. Die kerk is 6 km van PUKKE af. Wie kan help? Skakel met ds. Wolmarans.

Stuur asseblief die name en kontak-besonderhede van al julle gemeente se jongmense wat hulle hierdie jaar in Potchefstroom bevind. Ons is gereed om hulle besig te hou.

**Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !
Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek
- naby hospitaal en besighede-
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers
Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**
Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

**ella@teamworkprinters.com**

2019/2020 Kwilt deur die dames van Vivo/Dendron Maak seker u gemeente het lootjie lyste ontvang. Stuurasseblief u vol lyste terug.

